
# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS

## NO. 8.
## Terwyl die Nagwolf Huil




braam le roux

Kobus sien hoedat 'n skaduwee uit die donkerte onder die groot boom op hom afspring. Onmiddelik besef hy dat hy te laat is om weg te buk. Reeds spring iets teen sy bors vas en die volgende oomblik tref die kolf van 'n geweer hom teen sy arms. Dit klap en dit voel vir Kobus of die kolf die bene in sy voorarms morsaf gebreek het. Hy steier terug, val die volgende oomblik op die grond en skuif 'n hele entjie teen die steilte af. Net voordat Kobus tussen die takke van die bosse inrol, sien hy wie sy aanvaller is...

# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS

## NO. 8.
## Terwyl die Nagwolf Huil



braam le roux

## INHOUD

Hoofstuk Bladsy

1. 'n Blondine ........ 3
2. Wit Ligte ........ 18
3. Vlamme in die Water ........ 33
4. Ver is die Môre ........ 49
5. Wolwe van die Nag ........ 65
6. Die Geheim Ontrafel ........ 79

Hoofstuk 1

## 'N BLONDINE

Konstabel Kobus Roode voel moeg en warm. Hy stoot sy pet van sy kop af. Dit val langs hom op die sitplek van die Jeep neer. Hy vee 'n slag oor sy voorkop waar die sweet in helder druppels afbiggel. Hy het altyd gedink dat Natal baie warm kan word, maar dit is vir hom nou of hierdie wêreld 'n entjie erger is. Dit is die ganse dag al so warm. Dit is asof die son besluit het om op een plek in die hemelruim te gaan stilstaan en die aarde met mening te bak. Die blare van die mopaniebosse hang bewegingloos. Daar is g'n stuk luggie wat hulle in beroering kan bring nie. Tot sy verligting sien Kobus egter dat die dagvors nou vinnig laer sak na die weste toe. Nou-nou behoort dit darem leefbaar in die veld tussen die mopaniebosse te wees.

Kobus bring die Jeep met skreeuende remme langs die stowwerige pad tot stilstand. Hy tuur 'n oomblik tussen die ruie bosse in. Die hitte maak hom lomerig. Hy kan na twee weke nog nie sê of hy van sy nuwe omgewing hou nie. Dit is wel stil hier en Kobus hou van die stilte in die ongerepte natuur, maar dan moet 'n man te perd in die veld wees en dan moet daar darem soms iets gebeur. Elke dag ry hy in die lomerig-gonsende Jeep en bekyk die veld, maar daar gebeur niks wat sy litte 'n bietjie kan los maak nie en Kobus is nie 'n man wat lank kan stilsit nie. Hy wil aksie hê. Soms dink hy dat dit darem te stil is hier. Hy weet jou werklik nie waaroor hulle hier polisie nodig het nie, hier op Punda Maria, in die noordelike hoek van die Nasionale Krugerwildtuin. Daagliks is dit net 'n bietjie ál in die stowwerige pad af in die gebied rondry. So af en toe draai jy uit in die veld, skuur tussen die mopanies deur, gaan hou stil onder 'n groot jakkalsbessieboom en bekyk die veld voor jou deur 'n verkyker. Maar miskien is dit omdat hy maar net na Ndumo verlang, die gehuggie daar ver in Zoeloeland, waar dit ook eensaam en stil is, maar waar hy darem met sy perd, Fleur, kon gesels en boonop volop aksie gehad het.

Hy is reeds twee weke hier op Punda Maria en hy was bly toe hy hoor dat hy hierheen verplaas is. Aan die begin was die wildsoorte vir hom wonderlik. Nou nog lê hy lank snags wakker

om na die gebrul van die leeus te luister. Maar dit is asof die wild deesdae skaarser word, of hulle verder noord getrek het. Nou het die dae aangebreek waarin dit net warm is, dae waarin hy vir ure geen wild sien nie, dae van hitte, sonbesies en troostelose eensaamheid.

Dit is nie dat Kobus Roode na die gewoel van stede verlang nie. Kobus hou nie van stede nie, daarom het hy hom as berede konstabel laat oplei. Hy hou daarvan om in die veld te wees, maar deesdae raak die polisiediens ál meer gemeganiseerd. Hier ry hy nou, 'n polisieman opgelei om 'n perd te hanteer, in 'n gonsende Jeep. Die jong konstabel begin dink dat dit sy perd is wat hy die meeste hier mis.

Hier op Punda Maria is daar slegs drie polisiedienare. Dit is Kobus, sersant Lak de Beer en die swart konstabel, ou Dabola. Ander mense in hierdie buurt is Lak se jong vrou en ou Dabola se gesin wat daar teen die hang van die berg saam met ander volkies deurmekaar boer. Dan is daar die twee of drie swartes in die Punda Maria-ruskamp wat net gedurende die wintermaande deur reisigers na die Wildtuin besoek word en nou dolleeg is. Daar is verder darem nog die drie blankes, 'n ouerige man en vrou, wat die winkel in die ruskamp het, en Hans Marais, die frisgeboude veldwagter. Maar Kobus sien hulle selde, want hulle gaan saans vroeg slaap, nes ou Lak en sy vrou, wat vir hom maar bra stuurs voorkom.

Toe hy op Ndumo die tyding kry dat hy hierheen verplaas is, was hy bly, baie bly. Want hy het onthou dat Freda Erlank, die swartkop-dogter uit sy jeugjare op Harrismith, op Louis Trichardt verpleegster is. Dit was eers toe hy hier aangekom het dat hy uitgevind het dat Louis Trichardt byna honderd-en-sestig kilometer van Punda Maria af is.

Kobus Roode staar nog steeds droomverlore tussen die mopanies in. Hy sien geen enkele beweging van 'n bok of 'n ding nie. Tussen die bosse groei leeugras welig en hoog teen die rante aan sy linkerkant skitter die sonstrale teen die harde granietrotse waar die dassies gewoonlik lê en droom. Ook die voet van die berg is met leeugras bedek, en talryke worsbome, nabome en rooibosse groei ruig tussen die rotse en die reuse-wildevyebome. Dit is net die kruin van die berg wat nie met hierdie groot verskeidenheid inheemse bome bedek is nie.



Die jong konstabel van Ndumo het al daaraan gedink dat 'n misdadiger seker jare lank hier in die bosryke berge sal kan skuil en van wild leef, sonder dat iemand sy teenwoordigheid agterkom. Maar dan moet hy mans genoeg wees vir die rondloper-leeu of -luiperd. Hier teen die hange van die berg kan 'n mens nie met 'n Jeep op nie. Die enigste manier om hier teen die berg tussen die bosse deur te kom, is te voet, maar soos die sersant gesê het, daar bestaan geen rede waarom die polisie hierdie bergtoppe moet patrolleer nie. Hoe lekker sou hy nie op Fleur se rug hier tussen die bosse deur teen die steiltes opgeklouter het nie! Vir hom en Fleur was daar geen berg te hoog of bos te dig wat hulle nie aangedurf het nie.

Die stofbelaaide Kobus neem sy verkyker op, druk dit voor sy oë, verstel dit noukeurig en rig dit op die rotsplaat daar ver bokant hom. Hy sal hom nou maar weer daarin begin verlustig om na die dassies te kyk wat teen hierdie tyd van die dag op die rotsplate begin baljaar.

Die verkyker is op die hardekoolboom gerig wat daar teen die steiltes so weerbarstig uit die rots groei. Hy kan alles duidelik sien, asof dit hier voor hom is. Eindelik val sy blik op die grysbruin dassie wat op die rots net langs die hardekoolboom lê. Die diertjie maak geen beweging nie. Die son het hom seker voos en lui gebak. Op een van die droë takke van die hardekoolboom sit 'n swart kraai sy vere en skud. Dit lyk asof hy ook te lui is om 'n geluid te maak. Kobus wonder of daar al 'n mens op daardie rotsplaat gesit het. 'n Mens kan die wêreld seker kilometers ver om jou bespied as jy eers op daardie rotsplaat te lande kom. Hy is seker daarvan dat die paar mense van Punda Maria nog nooit hierdie berg beklim het nie. In die eerste instansie sal hulle nie van sulke strawwe oefening hou nie. Tweedens is dit ruim 12 kilometer van die ruskamp af en wie sal dan nou leeu se kind trotseer en hier kom uitklouter? Verder mag geen besoeker aan die Wildtuin uit sy motor klim nie. Dit is Wildtuinwette wat elkeen gewoonlik gehoorsaam.

Ja nee, dink Kobus, daar woon die dassies heerlik, niemand om hulle ooit te steur nie. Daar leef seker goggas en dinge wat nog nooit met die tweebeenwesens kennis gemaak het nie. Hy moet tog eendag hier uitklim, met sy geweer oor sy skouer en op daardie klip gaan sit.

Opeens sien hy deur sy verkyker hoe dat die dassie verskrik opspring en 'n oomblik later in een van die klipskeure verdwyn. Die swart kraai gee 'n benoude gaap en kry dan ook die ruimtes onder die vlerk. Kobus ruk die verkyker voor sy oë weg. Hy het nou iets agter daardie bossie, vlak by die rotsplaat, te voorskyn sien kom, maar hy glo nie sy oë nie, of dan is hierdie verkyker begoël. Daarom kyk hy nou met sy blote oog, maar daardie iets wat hy so flussies duidelik en groot deur sy verkyker gesien het, is nou slegs een dowwe beweging. Daar is dit by die rooihoutboom, 'n entjie van die rotsplaat af. Kobus begin hard asemhaal. Dit kan nie wees nie. Sy oë bedrieg hom, of die verkyker. Maar hy sit die verkyker weer voor sy oë en rig dit op die beweging. Dit is of sy hart bollemakiesie slaan. Daar is die figuur weer duidelik op die rotsplaat . . . so naby is die figuur weer duidelik op die rotsplaat. . . so naby is dit deur die verkyker dat hy die kleur van haar hare kan sien!

Sy gaan lê nou op die naat van haar rug waar die dassie netnou gelê het. Sy het 'n goudgeel baaikostuum aan. Hy kan haar slanke bene sien. Haar hande lê onder haar kop. 'n Bos blonde hare lê los oor haar skouers.

Kobus lek vinnig oor sy lippe.

'n Blondine daar teen die hang van die berg op die rotsplaat, waar hy geen mense verwag het nie! Dit kan mos nie moontlik wees nie! Die naaste plaashuis is seker 160 kilometer of meer hiervandaan. En Punda Maria is nie in staat om iets soos hierdie skoonheid op die barre rots in die bakkende son op te lewer nie.

Dit moet sinsbegogeling wees. En as dit sinsbegogeling is, sal Kobus plan moet maak, want dan vang die eensaamheid hom. Sulke dinge soos hierdie het hy al in sy drome gesien. . . maar verdeksels hy droom mos nie nou nie!

Hy ruk die verkyker weer voor sy oë weg en knip-knip sy oë. Nou kan hy haar ook met die blote oog sien, maar veel onduideliker. Hy kan egter die geel baaikostuum uitmaak, selfs die goudgeel hare. Hy sluk. Maar weer die verkyker voor sy oë bring. Hy rig dit op die meisie. Ja, dit moet 'n mooi meisie wees, te oordeel aan daardie slank liggaam, die goudgeel hare en haar hele houding. Hy sien hoe dat sy haar op die rotsplaat beweeg en dan maar weer op haar rug lê en na die blou wolklose lug staar.



'n Paar sekondes hou Kobus haar dop. Hy is heeltemal dronkgeslaan. Daar is tog nie 'n hotel of 'n ding daarbo nie. Hy weet dit. . . omdat dit die Wildtuin hierdie is. Dit kan ook nie sinsbedrog wees nie, want hier sit hy in die Jeep met die verkyker voor sy oë.

Wat moet hy nou doen? Hier van onder af vir haar skree? Dit sal alte belaglik lyk. . . as . . . as dit werklik 'n meisie is. Maar hoekom twyfel hy nog daaraan? Daar lê sy, so naby deur die verkyker dat hy byna aan haar kan raak.

Kobus kom stadig orent en maak die deur van die Jeep oop. Hy beweeg stil asof hy bang is dat hy die sonbaaier daar op die rotse sal steur. Hy druk die deur toe en staan nou in die sandpad. Weer rig hy die verkyker op daardie geel beeld. Hy skud sy kop. Daar bly net een ding vir hom oor. Hy sal teen die hang van hierdie berg moet opklim en gaan ondersoek instel. Hy tel sy geweer dadelik op en swaai dit half oor sy skouer. Vir oulaas kyk hy deur die verkyker. Daar lê die madonna nou rustig. Kobus word haastig. Hy laat hang die verkyker om sy nek en dan glip hy tussen die bosse in. Hy stoot die takke opsy. Gelukkig is die meeste bome doringloos. Dit is klapperbosse, rooibosse, Transvaalse katjiepiering, raasblaar en mopanies deurmekaar. Daar is wel doringbosse, maar dit is hoë haak-en-steek en die kaffer-wag-'n-bietjie.

Hy beweeg vinnig teen die steilte op. Hy hardloop byna en gee nie om dat die takke raas nie. Wanneer hy taamlik hoog geklim het, sal hy stiller probeer beweeg, maar nou is hy haastig. Gelukkig is hier nie baie los klippe nie. Dit vergemaklik sy gang, maar die baie bosse keer.

Hy skat dat daardie klipplaat seker ongeveer vierhonderd treë van die pad af moet wees en hy het reeds meer as 'n honderd treë afgelê.

Plotseling kom hy in 'n oop kol uit. Hier groei net gras, maar dit is 'n klein strokie en hy merk dat hy al tot halfpad gevorder het. Dadelik kyk hy na die rotsplaat op. Sy hart gee 'n boksprong toe hy die gestalte nog daar sien lê. Dit is duidelik dat sy nie mense hier verwag nie. Sy is blykbaar ook nie bang vir wilde diere nie. Vinnig kom die verkyker weer op en nou kan hy die meisie beter bestudeer. Hy kan die glinstering van die son op haar hare sien.

'n Snaakse gevoel pak hom beet. As hierdie alles bedrog van sy sinne moet wees, is daar sekerlik iets met sy kop verkeerd. En as daar werklik 'n meisie op die rotsplaat lê, waar kom sy vandaan? Wat soek sy op hierdie eensame berg asof sy op die grasperk voor haar woning in die son lê en bak? Kobus het aan spoke geglo toe hy 'n seun was, toe hy nog skoolgegaan het, maar hy het altyd geglo dat 'n spook skreeulelik is.

Hy ruk hom reg. Hy moet nie verspotte gedagtes staan en dink nie. Daar lê 'n meisie, 'n baie mooi meisie, en hier staan hy. Dit is sy plig om ondersoek te gaan instel. Met kloppende hart tree hy weer vorentoe, die oop kol binne, maar dan steek hy vas, kyk terug na die Jeep toe en weereens kom daar 'n koue gevoel om Kobus se hart. By sy Jeep is 'n groot maanhaarleeu besig om die affêre te beruik en te besnuffel. Die yslike dier stap ál om die Jeep, byna asof hy planne het om vir hom 'n ryding aan te skaf.

Oombliklik vind Kobus dit eienaardig dat hierdie vreemde meisie in die eensaamheid van die Wildtuin nie bang is vir hierdie soort roofdiere nie. Hy kyk berg-op waar die geel figuur nog steeds in die son lê en bak. Kobus druk sy lippe saam en begin weer klim. Net voordat hy die bosse weer bereik, kyk hy andermaal op rotsplaat toe en dan sien hy tot sy ontsteltenis dat die meisie regop staan. Hy kan sien dat sy kaalvoet is en hy merk dat sy na hom kyk. Sy kyk na hom af oor die tweehonderd treë tussen hulle. Kobus haal hard asem. Hy voel vreemd onder haar aanblik. Vinnig bring hy die verkyker voor sy oë en dan is haar beeld hier treë voor hom. Hy bewonder die volmaak-geboude gestalte, die slank liggaam, die glinsterende hare.

Met die verkyker nog voor sy oë wuif die konstabel vir haar, maar dan draai sy skielik vinnig om en hardloop rats oor die rotsplaat weg. Haar hare skud op haar skouers en 'n oomblik later spring sy tussen die rooibosse langs die rots in. Kobus sien hoe die takke mal swaai en ruk soos sy vlug en 'n oomblik later is sy weg en die rotsplaat is leeg. Soos iemand wat uit 'n aangename droom gewek is, staan Kobus oomblikke lank roerloos op die een plek. Dan kyk hy terug na die pad toe. Oom Leeu is nog steeds besig om motor te koop.

„Wat op aarde het ek gesien?" praat Kobus hard met homself. Dan kyk hy weer 'n slag na die rotsplaat. Sy het hom ontglip, maar hy durf nie nou hier omdraai nie. Sy oortree die wet as sy hier teen die berghange staan en sonbaddens neem. Buitendien word hier nou geen Wildtuinbesoekers toegelaat nie. As sy werklik hier is, as sy oë hom nie bedrieg het nie, dan is haar teenwoordigheid hier onwettig. Sy kan tog nie alleen hier wees nie.



Kobus voel nie op sy gemak nie. Hy sukkel tussen die bosse deur en hy loop nou sonder om een keer vas te steek. Binne enkele minute het hy die laaste tweehonderd treë afgelê. Hier is hy teen die rotsplaat, maar hiervandaan is dit te steil en hoog om teen op te klouter. Die plaat lê soos 'n stuk soliede lawarots hier teen die berg, omring deur die ruigtes. Uit die rotssplete groei hardekoolbome, maar origens is daar geen plantegroei wat die plaat ontsier nie. Dit lyk kompleet soos 'n natuurlike platform wat moeder natuur hier teen die hang naby die kruin van die berg gebou het. Van die rotsplaat af, skiet ander rotse hoog die lug in en vorm die massiewe kruin van die berg.

Kobus begin om die rots te stap. Dit gaan moeilik, want daar is baie los klippe wat onder 'n mens se voete uitgly. Die bosse is ook dig om die rotsplaat gepak. Kobus vorder egter langsaam. Die takke krap. Hier groei die bosse so dig teenmekaar dat dit veel beter as om hande-viervoet te kruip as om te loop. Kobus buk vinnig en begin feitlik tussen die ruigtes deurseil.

Skielik seil hy teen 'n takversperring vas. Tussen die ruie bosse is 'n takmuur aangebring, almal doringtakke. Dit is dig opmekaar gestapel. Kobus kom moeilik orent. Hy is daarvan oortuig dat selfs geen leeu hier sal kan deurkom nie. Dit is daaroor dat die meisie so rustig was daar op die rotsplaat. Geen roofdier sal ook teen die rots kan opkom nie. Dit is te hoog. Kobus voel oortuig dat dieselfde versperring ook aan die anderkant aangebring is.

Die jong konstabel vryf sy ken. Hy frons. Hierdie ding lyk snaaks. Hierdie doringtakversperring is 'n duidelike bewys dat hy nie gedroom het nie, dat sy sinne hom nie parte gespeel het nie. Party van hierdie takke is nog vars. Daar is nog fyn groen blaartjies aan die punte. Die takmuur is dus onlangs hier gepak.

Oomblikke lank staan Kobus doodstil. Hy dink nie, want sy gedagtes wil nie vlot nie. Hy haal skaars asem. Dit is asof hy

sommer werktuiglik begin luister het. Maar daar is niks om na te luister nie, nie eens die gekras van sonbesies nie. Daar ver langs die stofpad kla 'n kwêvoël, maar origens is dit so stil soos die dood self.

Na 'n rukkie begin Kobus weer beweeg. Hy is weer op sy hande en voete en beur tussen die takke deur totdat hy by die plek uitkom waar hy die eerste keer teen die rotsplaat te staan gekom het. Hy meet die steiltes en is oortuig dat nòg hy, nòg enige tweebeenwese, nòg 'n leeu, hier sal uitkom.

Nou kruip hy links om die rotse, maar na 'n oomblik druk sy kop ook aan daardie kant teen 'n muur van doringtakke vas, doringtakke wat hoog opgestapel is, en by nadere ondersoek, sien Kobus selfs dat sommige van die takke met gras en tou aan die stamme van bome vas gewikkel is.

Kobus dink: Wie ook al hierdie takmuur gebou het, wou seker maak dat niemand hierdie versperring sommer deurdring nie. Kobus begin dink dat hierdie doringtakversperring nie net hier is om leeus uit te hou nie, maar miskien ook om nuuskieriges soos hy uit te hou. As dit die meisie se werk is, moet sy helpers hê, en as sy soos 'n verspotte kluisenaar hier bly, dan kan sy nie reg in haar kop wees nie. Vir 'n ou vrou om hier tussen die rotse te kom wegkruip, kan dit normaal wees, maar so 'n beeldskone skepsel. . .?

Kobus ruk aan die takke, maar dan staan hy terug. Hy moet sy ontdekking gaan bekend maak. Hy moet die sersant hierheen bring. Hulle sal hul koppe bymekaar moet sit.

Kobus kruip weer tussen die struike deur, ál langs die rots af. Eindelik staan hy weer waar hy so flussies begin het. Die kant van die rots is hoog bokant hom. Hy kyk op en is net betyds, want hy sien hoe dat 'n tamaai klip daar van bo af oor die kant gestoot word. Dit kom met 'n vlak boog na onder. Hy het nog net tyd om vinnig sywaarts te spring. Hy verloor sy ewewig en val skuins teen die rotswand neer. Die groot klip klap teen die los rotse onder, presies op die plek waar hy so pas gestaan het. Die vuurvonke spring na alle kante toe en 'n oomblik later begin daardie yslike klip verder teen die helling afrol. Dit rol egter nie ver nie, dan beweeg dit vas teen die groot stam van 'n jakkalsbessie.

Vinnig kyk Kobus op en moet dan weer haastig tussen die



struike induik, want nog meer klippe word oor die kant van die afgrond daar bo gerol. Hy slaag daarin om die vallende rotse met enkele sentimeters te ontvlug. Hy lê nou tussen 'n digte plaat jong kiepersol. Hy trek sy asem diep in en bly roerloos lê, totdat die klippe klaar geval het. Enkeles rol teen die hang af. Kobus se oë is op die rand van die rotssteilte gevestig. . . daar waar die rotse oorgetuimel het. Hy weet dat iemand doelbewus daardie rotse oor die rand van die steilte gestoot het. Daardie onsigbare persoon het 'n bedoeling gehad . . .om hom hier onder te vermorsel.

Fyn grond en klein los klippers rol nog oor die kant van die afgrond, maar weldra hou ook dit op. Kobus se oë brand nog op die plek daar bokant hom, maar daar is geen beweging nie, geen skaduwee wat nader na die rand van die afgrond beweeg nie. Wie ook al probeer het om hom te verongeluk, is glad nie nuuskierig om te sien watter uitwerking die rotsstorting gehad het nie. Kobus beweeg nie. Hy twyfel hoegenaamd nie daaraan dat daar iemand bo-op die rotsplaat is wat hom hier onder wou vernietig het nie. . . daar is iemand daar bo wat nie 'n flenter omgee vir sy of enige iemand anders se lewe nie; 'n onsigbare persoon wat hom, Kobus Roode, probeer dood kry. En hoekom? Hoekom sal iemand daardie klippe op hom wou afstoot? As een van daardie yslike klippe hom getref het, was hy so dood soos 'n mossie.

'n Oomblik is Kobus te bang om tussen die kiepersol uit te kom. Hy lê nog lank stil en luister of hy nie iets hoor nie. Miskien sal die persoon dink dat hy daarin geslaag het om die klippe op Kobus te gooi en miskien sal hy kom ondersoek instel.

Etlike minute gaan verby. Hier waar Kobus lê, skyn daar geen son nie, maar hy sien reeds dat die son vinnig afsak weste toe. Dit is glad nie meer so drukkend warm nie. Daar is selfs 'n luggie wat deur die bosse en bome sypel en teen sy gesig aanstreel. Hy kyk op sy polshorlosie. Dit is vieruur. Hy is al byna 'n uur hier teen die berghang.

Stadig beweeg hy tussen die kiepersol uit, beweeg dan vinnig van die rotsplaat af weg en buk onder die laaghangende takke van 'n wildevyeboom in. 'n Oomblik later gaan staan hy tussen 'n klompie welig-groeiende dadelpalms en nou kan hy mooi op die rand van die rotsplaat sien. Hy kan duidelik sien waar die